Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2017

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

*IHISTA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument.

2. **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – AFRIKANER NASIONALISME

   VRAAG 2: NASIONALISME IN DIE MIDDE-OOSTE

   VRAAG 3: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's NA 1960's

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME

   VRAAG 5: NASIONALISME IN AFRIKA – GHANA

   VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's NA 1960's

3. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gevind word.

4. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

5. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   5.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   5.2 Die DERDE vraag kan óf brongebaseerde of 'n opstelvraag wees.

6. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

7. Wanneer vrae beantwoord word, moet kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toepas.

8. 'n Blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

9. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer word met behulp van dieselfde nommeringstelsel as wat in die vraestel gebruik word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling maar nie meer as TWEE vrae nie.

### VRAAG 1: WATTER FAKTORE HET TOT DIE OPKOMS VAN AFRIKANER-NASIONALISME GELEI?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C, 1D en 1E om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om die konsep "*Afrikaner nasionalisme*" te verduidelik. (1 x 2) (2)

1.1.2 Wat, volgens die inligting in die bron, was die katalisator vir die opkoms van Afrikaner-nasionalisme? (1 x 1) (1)

1.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik of die konsep 'Afrikaner', alle blanke mense insluit. (1 x 2) (2)

1.1.4 Lys TWEE groot organisasies wat deel was van die Afrikaner Nasionalistiese ideologieë. (2 x 1) (2)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Gebruik jou eie kennis om die konsep *"Groot Trek*" te verduidelik. (1 x 2) (2)

1.2.2 Lewer kommentaar op die doelstellings van die eeufeesvieringe van die Groot Trek. (2 x 2) (4)

1.2.3 Verduidelik die betekenis van die aanhaling: "... vanaf Kaapstad na die Noorde" in die konteks van die eeufeesvieringe van die Groot Trek. (2 x 2) (4)

1.2.4 Volgens die inligting in die bron, lys EEN gebeurtenis wat deel uitgemaak het van die vieringe wat langs die pad plaasgevind het. (1 x 1) (1)

1.3 Beskou Bron 1C.

1.3.1 Watter sleutel-kenmerk simboliseer dat die Groot Trek in Kaapstad begin het? (Gebruik die visuele leidraad om jou antwoord te ondersteun.) (1 x 2) (2)

1.3.2 Watter boodskap dra die foto oor met betrekking tot die ondersteuning vir die eeufees-Trek? (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na Bron 1D.

1.4.1 Waarom, dink jy, was meer en meer Swartes in die stedelike arbeidsmark ná die Tweede Wêreldoorlog geabsorbeer? (1 x 2) (2)

1.4.2 Haal TWEE stukke bewyse aan uit die bron wat daarop dui dat die Verenigde Party meer liberaal as die NP was. (2 x 1) (2)

1.4.3 Verduidelik die bruikbaarheid van die bron vir historici wat die redes vir die Nasionale Party se oorwinning van die 1948 verkiesing bestudeer. (2 x 2) (4)

1.5 Lees Bron 1E.

1.5.1 Watter tipe werk, volgens die bron, het die Afrikaners in die stede verrig? (paragraaf 1) (2 x 1) (2)

1.5.2 Waarom, dink jy, het die meeste Afrikaanssprekende blankes teen armoede in die landelike gebiede geveg? (paragraaf 2) (2 x 2) (4)

1.5.3 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik hoe ‘volkskapitalisme’ gehelp het om die identiteit van die verarmde Afrikaner te verander. (paragraaf 3) (2 x 2) (4)

1.5.4 Hoe, volgens die bron, kan die posisie van Afrikaners verbeter word? (1 x 2) (2)

1.6 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ’n paragraaf van omtrent SES reëls (60 woorde) waarin jy die faktore wat bygedra het tot die opkoms van Afrikaner-nasionalisme verduidelik. (6)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE SUEZ-KRISIS VAN 1956 TOT SPANNING IN DIE MIDDE-OOSTE BYGEDRA?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens die inligting in die bron wou Nasser die Aswan-dam in Egipte bou? (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom, volgens die bron het die VSA sy lening aan Egipte vir die bou van die Aswan-dam onttrek? (1 x 1) (1)

2.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe Nasser gereageer het nadat die Amerikaners en Britte geweier het om die lenings aan hom toe te staan. (1 x 2) (2)

2.1.4 Hoekom dink jy was die Britte en Franse so omgekrap deur Nasser se nasionalisering van die Suez-kanaal? (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Volgens die inligting in die bron het Egipte ŉ oorlog op twee fronte geveg. Identifiseer hierdie twee fronte. (paragraaf 1) (2 x 1) (2)

2.2.2 Wat was Nasser se reaksie op 'Operasie Musketeer'? (paragraaf 1) (1 x 1) (1)

2.2.3 Hoekom, dink jy het Nasser Amer se rooskleurige mening dat hulle Israel sou verslaan in die Sinai gebied verontagsaam? (paragraaf 2) (1 x 2) (2)

2.2.4 Volgens die inligting in die bron, waar was die Britse bomwerpers gestasioneer? (paragraaf 3) (2 x 1) (2)

2.2.5 Wat is die bedoeling van die stelling: "Ons het nie slegs ŉ groot oorlog in die Midde-Ooste gestop nie, maar ons het die opmars van Rusland deur die Midde-Ooste en na die Afrika-kontinent gestop"? (paragraaf 4) (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Gebruik jou eie kennis om die konsep '*nasionalisering*' te verduidelik. (1 x 2) (2)

2.3.2 Noem die TWEE lande wat deur die Verenigde Nasies gestraf word.. (2 x 1) (2)

2.3.3 Waarom, volgens die inligting in die bron, word hulle gestraf? (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

2.3.4 Gebruik die bron en jou eie kennis om die tekortkominge van die Verenigde Nasies te verduidelik soos in die bron uitgebeeld. (2 x 2) (4)

2.3.5 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie spotprent vir studente wat die rol van die Verenigde Nasies en die supermoondhede in die oplossing van die Suez-kanaalkrisis navors. (2 x 2) (4)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Verduidelik, volgens die inligting in die bron, waarom daar meer Israeliese ongevalle as die gesamentlike getal van Brittanje en Frankryk was. (2 x 2) (4)

2.4.2 Wat was die totale ongevallesyfer van die Britse en Franse tydens die 1957 oorlog? (1 x 1) (1)

2.4.3 Hoekom dink jy, was die beramings van Egiptiese sterftes 1 000 tot 3 000? (2 x 2) (4)

2.4.4 Watter groep mense het die minste getal sterftes gehad? (1 x 1) (1)

2.5 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ŉ paragraaf van omtrent SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Suez-kanaalkrisis van 1956 tot spanning in die Midde-Ooste bygedra het. (6)

**[50]**

## VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN APARTHEID OP SWART SUID-AFRIKANERS IN DIE 1950's?

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Noem die party wat die beleid van apartheid in 1948 geïmplementeer het. (paragraaf 1) (1 x 1) (1)

3.1.2 Definieer die begrip '*apartheid*'. (paragraaf 1). (1 x 2) (2)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die beleid van apartheid geïmplementeer was. (paragraaf 1 en 2) (2 x 2) (4)

3.1.4 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik waarom apartheid verder as segregasie gegaan het. (1 x 2) (2)

3.1.5 Verduidelik die betekenis van die Eerste Minister Hans Strijdom se stelling; 'Of die wit man oorheers óf die swart man neem oor', in die konteks van die Suid-Afrikaanse politiek in die 1950's. (paragraaf 2) (1 x 2) (2)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Wat, volgens die inligting in die bron, was die nuwe dorp van die inwoners van Sophiatown genoem? (paragraaf 1) (1 x 1) (1)

3.2.2 Noem TWEE probleme vir inwoners wat tussen Meadowlands en Johannesburg gependel het. (paragraaf 1) (2 x 1) (2)

3.2.3 Watter impak het die gedwonge verskuiwings op enkel mans in Sophiatown en op hul uitgebreide families in die reservate gehad? (paragraaf 2) (1 x 2) (2)

3.2.4 Gebruik die bron en jou eie kennis om die impak van die instromings-beheerregulasie op inwoners wat na Meadowlands verhuis het, te verduidelik. (paragraaf 3) (2 x 2) (4)

3.2.5 Wat word deur die verwoeste geboue in hierdie foto geïmpliseer? (Visuele bron) (2 x 2) (4)

3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Wat word met die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike in die konteks van apartheid bedoel? (1 x 2) (2)

3.3.2 Waarom, volgens die inligting in die bron, het die apartheids-regering Raymond du Proft verhoed om met Diane Bassick te trou? (paragraaf 1) (1 x 2) (2)

3.3.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom Raymond du Proft sy kinders verhoed het om blanke skole by te woon. (paragraaf 2) (2 x 2) (4)

3.3.4 Hoe, volgens die inligting in die bron, het Graham ŉ oplossing vir sy huweliksprobleem gevind? (paragraaf 3) (1 x 2) (2)

3.4 Raadpleeg Bron 3D.

3.4.1 Lys TWEE maniere waarop swart leerders negatief deur Bantoe onderrig beïnvloed was. (2 x 1) (2)

3.4.2 Waarom, dink jy, het die apartheidsregering die Wet op Bantoe Onderwys van 1954 geïmplementeer? (2 x 2) (4)

3.4.3 Vergelyk Bronne 3A en 3D. Hoe ondersteun die inligting in Bron 3D die bewyse in Bron 3A met betrekking tot die impak van apartheid op swart mense? (2 x 2) (4)

3.5 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ŉ paragraaf van omtrent SES reëls (60 woorde) waarin jy die impak van apartheid op die lewens van swart Suid-Afrikaners in die 1950's verduidelik. (6)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 4: SWART NASIONALISME

"Swart nasionalisme in Suid-Afrika het ontstaan as 'n reaksie op diskriminasie en segregasie teen swart mense in die vroeë 1900's."

Stem jy saam met die bogenoemde stelling? Motiveer jou antwoord met relevante historiese bewyse vanuit die tydperk 1900 tot 1953. **[50]**

### VRAAG 5: NASIONALISME IN AFRIKA

"Britse uitbuiting van die Goue Kus se natuurlike hulpbronne kan as 'n katalisator vir die verandering na onafhanklikheid beskou word."

Evalueer hierdie stelling krities deur te verwys na die faktore wat tot die onafhanklikheid van Ghana gelei het. **[50]**

### VRAAG 6: WEERSTAND IN SUID-AFRIKA – 1940's NA 1960's

"Die Nasionale Party het sy beleid van apartheid so doeltreffend afgedwing dat daar geen geleentheid vir weerstand was nie."

Verduidelik tot watter mate hierdie stelling akkuraat is deur na die aard van weerstand in die 1960's te verwys. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou